# HOOFSTUK IV.

## ONDERWYS IN KLERKSDORP TYDENS DIE SUPERINTENDENTSKAP VAN PROF. N. MANSVELT, 1891 - 1899.

### 1. Inleiding.

Die laaste Superintendent tydens die jare van die Z.A.R., professor Nicolaas Mansvelt, het in Oktober 1891 diens aanvaar.

Mansvelt het dit tot sy onmiddellike taak gestel om met die werksaamhede van sy Departement asook met die algemene onderwystoestande in die Transvaal vertroud te raak [1]. In besonder wou hy die onderwys op 'n stelselmatige wyse organiseer, administreer en finansier [2].

Die nuwe Superintendent het die gebreke in die onderwys sterk aangevoel. Mansvelt het 'n deeglike onderwysstelsel as die enigste redmiddel gesien ter beskerming van die burgers teen die gevaar van die „groot getalle ontwikkelde en energieke vreemdelinge wat die land oorstroom".

Om ondeugde soos drankmisbruik, sabbatsontheiliging, onwelvoeglike taalgebruik - oorgeneem van die vreemdelinge - te bestry, was nodig „een onderwijs, gegrond op Gods Woord, op de geschiedenis en de overlevering van ons volk, op den aard en de zeden onzer natie" [3]

### 2. Wet No. 8 van 1892.

In beginsel was hierdie Wet dieselfde as Wet No. 1 van 1882, dog dit was vollediger en het die leemtes in die ou wet uitgeskakel [4]. Dit was hoofsaaklik gebaseer op die beginsels van plaaslike inisiatief en staatsteun [5].

Die Superintendent het in sy nuwe wet 'n Christelik-nasionale

/onderwysstelsel ...

---

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952,1, 68-69.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58-59.
3. Ploeger: a.w., 71.
4. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 210.
5. T.O.D.: Jaarverslag, 31.12.1933, 13.

onderwysstelsel met die moedertaal as medium van onderrig beoog[1].

Hierdie Wet het die administrasie op 'n hegter grondslag geplaas; staatstoelae is verhoog; die aantal kleiner, gesubsidieerde skole is met sy sentralisasiebeleid beperk, en die Hollandse taalbepaling is strenger toegepas[2]. Die inspeksiestelsel is op 'n beter grondslag ingerig. Transvaal is ingedeel in vier kringe, elk met sy eie inspekteur. Van elke inspekteur is verwag om elke skool in sy besondere kring twee maal per jaar te besoek[3]. Skoolkommissies is aangestel[4].

Slegs behoorlik gesertifiseerde onderwysers sou aan dorpskole aangestel word. Alle onderwysers verbonde aan ondersteunde skole moes lede wees van 'n Protestants-Christelike kerk en moes van goeie sedelike gedrag wees. 'n Honorarium van verdienste sou gegee word aan onderwysers met 'n langdurige en troue dienstermyn[5].

'n Skoolgids is uitgegee deur die Onderwysdepartement om aan onderwysers en skoolkommissies die Wet te verduidelik[6].

3. Wet No. 15 van 1896.

Hierdie Onderwyswet, deur die Volksraad goedgekeur op 30 Julie 1896 (artt. 1088-1092), is opgestel om te voorsien in die onderwysbehoeftes op die geproklameerde goudvelde.

Waar daar op die geproklameerde goudvelde „geen genoegzame voorziening gemaakt is voor het onderwijs en de opvoeding van blanke kinderen, wier ouders op zulke goudvelden wonen, kan de Uitvoerende Raad, op voorstel van en in oorleg met den Superintendent van Onderwijs, de noodige voorziening maken voor schoolgebouwen en onderwijzerswoningen, onderwijzers aanstellen en bezoldigen, commissiën van toezicht en beheer benoemen,

/en ..........

1. Bot: The development of education in the Transvaal, 20.
2. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 47.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 64.
4. Ibid., 60.
5. Ibid., 61.
6. Bot: a.w., 21.

en verder alles doen wat strekken kan om het onderwijs en de opvoeding op de Standsdorpen en waar noodig ook op andere plekken op de geproclameerde goudvelden te bevorderen". (art. 1).

„Het onderwijs in zulke scholen zal aan kinderen van Hollandsch sprekende ouders gegeven worden .... door middel van de landstaal". (art. 2).

„De leerplannen van het onderwijs aan kinderen van niet Hollandsch-sprekende ouders in zulke scholen zullen door den Superintendent van Onderwijs worden vasgesteld, .... doch steeds in den geest en volgens de strekking van de Wetten op het Onderwijs en de doeltreffende Volksraadsbesluiten"[1].

4. Inspeksie.

Die inspeksiestelsel in die Z.A.R. is in 1892 op 'n beter grondslag geplaas toe die Transvaal in vier inspeksiekringe verdeel is. 'n Gebeurtenis van belang in die onderwys van Klerksdorp, toe deel van die Potchefstroomse distrik, is toe die distrik sy eerste inspekteur gekry het in die persoon van E.P. Crots.

Na die aanstelling van Crots is die inspeksie in die deel wel vergemaklik, dog dit was nog onvolledig. Hy was verantwoordelik vir die distrikte Potchefstroom, Bloemhof, Lichtenburg en Heidelberg-Wes[2].

Inspekteur Crots het in 1894 afgetree. Inspekteur H. Moora het hom opgevolg en was hier werksaam tot 1897. J.K.M. te Boekhorst was die inspekteur van die gebied gedurende die laaste jare van die Z.A.R.[3].

5. Plaaslike beheer in die onderwys.

a. Skoolkommissies.

Elke individuele skool het onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie gestaan, gekies deur al die vaders van

/huisgesinne ....

1. Staats-Almanak der Z.A.R., 1898, 61-62.
2. De Schoolgids, 1892, 3.
3. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 225.

huisgesinne binne 'n redelike afstand van die betrokke skool, en geen subsidie sou aan skole uitbetaal word as daar nie 'n kommissie was nie.

Onderwysers kon optree as sekretaris van die kommissie dog was geen lid daarvan nie. Dit was die taak van die skoolkommissie om te sorg vir skoolgeboue, meubels en toebehore e.s.m.; voorts het hulle ook onderwysers, onder goedkeuring van die Departement, aangestel[1].

Die skoolkommissie het gewoonlik uit minstens drie lede vir 'n wykskool en minstens vyf lede vir 'n dorpskool bestaan. Dit was die skakel tussen die skoolouers en die administrasie[2].

Volgens die ledetal van die skoolkommissies wat in Klerksdorp gekies is, blyk dit dat die getalle gewissel het van drie tot ag. Verder blyk dit ook dat daar, net soos die geval was gedurende die ampstermyn van Du Toit, geen tydsbepalinge bestaan het vir die duur van 'n kommissie nie.

Die skole met die minste aantal skoolkommissielede was die van Opraap en Buysfontein met 3 elk. Die skoolkommissie van Opraap wat op 13 Februarie 1893 saamgestel is, was B. Pieterse (voorsitter en tesourier), J.C.J. de Leeuw (sekretaris) en C.J. Lubbe[3]. Gedurende die tydperk 1 Julie 1898 tot 30 September 1898 het F.W. Ernst (voorsitter), F.J.C. Steyn (sekretaris) en J.J. van der Linde (penningmeester) die skooltjie op Buysfontein beheer[4]. Toe die Buysfonteinskool later weer heropen het, het H.T. Ernst vir Van der Linde as penningmeester vervang[5].

Toe die skool op Stilfontein op 1 Februarie 1893 geopen het, was daar drie lede op die skoolkommissie, nl. P.F. Brits, P.S.

/du ......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 60.
2. Wet No. 8 van 1892, art. 11.
3. O.D. 14/2: Brief No. 248, 13.2.1893.
4. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 84.
5. Ibid., 95.

du Toit en R. Brits[1]. Hulle het vermoedelik op die kommissie gedien totdat die skool in 1895 tydelik gesluit het[2]. Interessant is dat hulle na die heropening van die skool op 4 Augustus 1887 vier lede tot die skoolkommissie verkies het, nl. R.J. Brits (voorsitter), J.C. Potgieter (sekretaris en penningmeester), G.P. Brits en P.J.L. Jacobs[3]. Op 8 Junie 1896 het die Geduldskool geopen onder die beheer van W.J. Vermaas (voorsitter), F.H.S. Vermaas (penningmeester), J.H. Conradie en J.M. Nysschen as skoolkommissie[4] - dus vier lede.

Die skool op Goedgevonden het van 19 Oktober 1896 tot 25 November 1897 en daarna weer van 12 April 1898 tot 30 Junie 1898 vyf kommissielede gehad. Gedurende albei tydperke wat die skool bestaan het, het A.P. Steyn (voorsitter), F.J. Cronje (penningmeester) P.M. Wilmans (sekretaris), A.F. Benade en D.G. Steyn op die skoolkommissie gedien[5]. Ook die skool op Kafferskraal het van vyf skoolkommissielede gebruik gemaak. Eers was dit C.R. Wentzel (voorsitter), O.J. Botha (sekretaris en penningmeester), F.N. Benade, A. Botha en P.L. Botha van 8 Februarie 1897 tot 1 Oktober 1898[6], en vanaf 1 Januarie 1899, toe die skool heropen het nadat dit tydelik gesluit het, tot die uitbreek van die oorlog was dit T.N. Botha (voorsitter), O.J. Botha (sekretaris en penningmeester), B.C. Botha, C. Wentzel en P.L. Botha[7].

Toe Hartebeestfontein gedurende 1897 aansoek gedoen het om subsidie, was daar sewe skoolkommissielede, nl. ds. P.A. Winter (voorsitter), C.D. Wentzel (sekretaris), W.L. Jooste (penningmeester), J. Theunissen, D. Kirstein, F. Vermaas en R. Lemmer[8].

/Die ..........

1. O.D. 14/2: Brief No. 249, 22.2.1893.
2. O.R. 2324/95.
3. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 60.
4. Ibid., 47.
5. Ibid., 49 en 87.
6. Ibid., 59.
7. Ibid., 92.
8. Ibid., 33.

Die President-Openbare skool op Klerksdorp het nie minder as ag skoolkommissielede gehad nie. In Januarie 1894 is W.H. Neethling, J.A. Neser, A.H. Koster, B. Pienaar, B.H. Swart, A.P. Myburgh, E. Green en G. Siddle verkies tot lede van die skoolkommissie[1]. Die volgende skoolkommissieverkiesing het gedurende 1896 plaasgevind. W.H. Neethling, A.P. Cronje, C.F. Rothman, B. Pienaar, B. Swart, P. Roos, C. Engels en F. Mijgind[2] het van 1896 tot 16 Januarie 1897 op die skoolkommissie gedien[3].

b. Die Klerksdorpse Skoolraad.

Die skoolkommissie van die „President Publieke School" het op 16 Januarie 1897 besluit om te ontbind en om die skool, volgens Wet No. 15 van 1896, aan die Owerheid oor te dra. Die kommissie het hulle nie meer verantwoordelik gehou vir die besoldiging van die onderwyser nie, met die gevolg dat die skool tydelik moes sluit[4].

Die belangrikste redes waarom die skoolkommissie die regering versoek het om die skool oor te neem, was kortliks die volgende: finansiële moeilikhede (die skoolkommissie het nog £350 aan die regering geskuld); daling in die aantal leerlinge, wat te wyte was aan die groot aantal Engelse skole; die gebrek aan 'n onderwyserswoning (die kommissie moes een ten duurste huur) en die groot tekort aan gekwalifiseerde onderwysers[5].

Die Uitvoerende Raad het op 1 Maart 1897 aan die versoek van die skoolkommissie voldoen, en aan die Superintendent is volmag gegee om die President-Publieke School as staatskool oor te neem. 'n Skoolraad, vir toesig en beheer, moes egter eers benoem word[6].

/Land[redacted]s .....

1. Klerksdorp mining record, 13.1.1894.
2. O.R. 6485/96: Telegram.
3. R. 1741/97: Brief, 18.1.1897.
4. Ibid.
5. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
6. R.1741/97: Notule Uitvoerende Raad, 1 Maart 1897, art. 161.

Landdros W.H. Neethling het op 30 Maart 1897 vyf name aan die Superintendent verstrek wat hy as „bekwaam, geschikt en betrouwbaar" beskou het om op die skoolraad te dien [1]. Omdat die Superintendent die voorgestelde persone nie geken het nie, het hy geen aanbevelings by die Uitvoerende Raad gedoen nie en die saak in hulle hande oorgelaat [2]. Dit blyk egter dat daar niks van die aanbevelings gekom het nie.

In April 1897 het die Superintendent self Klerksdorp besoek. Hy het 'n goed bygewoonde openbare vergadering toegespreek en die nuwe Onderwyswet [3], wat van toepassing was op die openbare goudvelde, aan die mense verduidelik. Hy wou alle moeilikhede wat daar bestaan het, uit die weg ruim; en, om die meegevoel en medewerking van die inwoners te verkry, het hy aanbeveel dat 'n lys waarop die name van lede van beide die Hollandse en Engelse kerke sou verskyn, aan hom voorgelê moes word. Die skoolraad sou dan uit die lys van voorgestelde kandidate saamgestel word [4]. Dit was 'n prosedure anders as die wat op die Johannesburgse en Barbertonse goudvelde plaasgevind het [5].

'n Lys van agtien name, drie van die Wesleyaanse Kerk, ses van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, ses van die Hervormde Kerk, twee van die Episkopaalse Kerk en een van die Lutherse Kerk, is aan die Superintendent verskaf. Die Klerksdorpse kandidate vir die skoolraad was dus suiwer volgens hulle kerkverband gerangskik, terwyl dit by die samestelling van skoolrade by die ander goudvelde volgens hulle nasionaliteite gerangskik was [6].

Op 21 April 1897 het die Uitvoerende Raad die skoolraad van Klerksdorp saamgestel uit die lys van die kandidate wat aan

/hulle .........

1. O.R. 3853/97 in R.1741/97: Brief, 30.3.1897.
2. Roos: Plaaslike beheer in die onderwys in die S.A.R., 391-392.
3. Wet No. 15 van 1896.
4. Guest: Voortrekkderdorp, 114 - 115.
   R. 1741/97.
5. Roos: t.a.p.
6. Ibid., 392.

hulle deur die Superintendent voorgelê is. Die Uitvoerende Raad het dit ook goed gedink om 'n sekretaris tot die skoolraad by te voeg teen 'n salaris van £6 per maand. Die skoolraad is soos volg saamgestel: J.E. Palmer, G. Siddle, A.P.J. Cronje, B.D. Pienaar, J.M. Teengs, A.F. Roos, G.P.J. Pretorius, L. Lombard en H.M. Guest; Fred Mijgind is tot sekretaris benoem[1].

Mansvelt het op 30 April 1897 by die Uitvoerende Raad aanbeveel dat veldkornet A.P.J. Cronje en Benjamin D. Pienaar respektiewelik tot voorsitter en visevoorsitter benoem moes word. Superintendent Mansvelt het ook aanbeveel dat ds. J.W.G. Strasheim tot die skoolraad bygevoeg moes word[2] - saam met hom 'n totaal van tien lede. Die Uitvoerende Raad het op 13 Mei 1897 die aanbevelings van Mansvelt aanvaar[3].

Fred Mijgind kon nie diens aanvaar as sekretaris van die skoolraad nie[4]. Ernst F. Linder is as skoolraadsekretaris aangestel vanaf 15 Augustus 1897 teen die salaris van £6 per maand[5].

Dit is 'n opvallende verskynsel dat die Klerksdorpse Skoolraad, met Engels- en Hollandssprekende leerlinge in die skool, saamgestel is uit so 'n groot meerderheid Afrikaanssprekendes. Twaalf van die agtien voorgestelde kandidate was lede van die Afrikaanse kerke[6].

Nadat J.E. Palmer as lid van die skoolraad bedank het met sy verhuising na Natal, het die skoolraad daartoe oorgegaan om op eie houtjie J.A. Taylor aan te beveel om op die raad te dien[7].

Die Klerksdorpse Skoolraad het toesig uitgeoefen oor slegs

/een ..........

---

1. R.1741/97: Notule Uitvoerende Raad, 21 April 1897, art. 327.
2. R.1741/97: Brief, 30.4.1897.
3. R.1741/97: Brief, 13.5.1897.
4. O.R. 8487/97.
5. R.1741/97: Brief, 20.12.1897.
6. Roos: Plaaslike beheer in die onderwys in die S.A.R., 393.
7. O.R.331/98: Brief, 20.1.1898.

een skool, nl. die staatskool (vroeër die „President Publieke School"). Die skoolraad het wel die skooltjie van mej. Teengs op Klerksdorp oorgeneem, dog dit is verenig met die staatskool [1].

Die staatskool is op 9 Augustus 1897 geopen [2].

Die Klerksdorpse Skoolraad het onmiddellik met sy werksaamhede 'n aanvang gemaak. Een van die eerste take wat die skoolraad onderneem het, was die opstelling van die „Huishoudelijke Bepalingen van den Schoolraad te Klerksdorp". Die ongedateerde, gedrukte dokument bestaan uit ses-en-twintig artikels [3].

6. Staatshulp aan skole.

a. Subsidie.

„De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek gaat uit van het beginsel, dat het de taak der ouders is om te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, en beperk hare bemoeiingen met het schoolwezen:

(1) tot het aanmoedigen en ondersteunen van particulier initiatief bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van scholen ...." [4].

Die wyse waarop subsidie uitbetaal is, word onder afdeling B (artikels 17-23) van Wet No. 8 van 1892 vervat. „Die bedrag van drie-maandelikse toelae word bereken volgens die totale bedrag van die skoolgelde en vrywillige bydrae tot die skoolfonds op die basis van £5 vir elke £2, met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys. Daar sal voortaan geen buitengewone toelae meer wees vir gratis leerlinge nie. Die toelae word driemaandeliks uitbetaal na die verstryking van elke skoolkwartaal op ontvangs van die skoolstate, die absensielyste en die inspekteursverslae. Daar sal geen uitbetaling van die toelae geskied tensy die Superin-

/tendent ........

1. Roos: Plaaslike beheer in die onderwys in die S.A.R., 396 (voetnoot).
2. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 6.
3. Bylae 1.
4. Onderwyswet No. 8 van 1892, afdeling A, art. 1.

tendent die skikkinge van die skoolkommissie omtrent die onderwyser, die skoolgeboue ens. goedgekeur het nie"[1]

Dit was die taak van die skoolkommissie om die finansiële sake van die skool te behartig. Subsidiestate moes kwartaalliks aan die Onderwysdepartement gestuur word. Die mingeskooldes het die state moeilik gevind, en waar foute voorgekom het, is die uitbetaling van subsidie vertraag[2].

In 'n poging om 'n hoër subsidie te ontvang het daar ook ongerymdhede voorgekom by die invul van die state. Gewoonlik het onderwysers meer leerlinge in hulle state aangegee as wat daar werklik in die skool was. Gedurende 1897 is die onderwyser van Goedgevondenskool, J. van Coller, geskrap van die lys van gesubsidieerde onderwysers weens 'n poging tot bedrog in die verband[3].

'n Subsidie van 30/- per leerling is betaal aan werklik behoeftige leerlinge. Die landdros of veldkornet, tesame met drie kerkraadslede van een of meer van die Protestantse kerke, moes sodanige leerlinge eers as behoeftig sertifiseer alvorens 'n subsidie betaal kon word[4]. Uit onderstaande gegewens blyk dat daar in die omgewing van Klerksdorp gedurende die negentiger jare 'n groot aantal behoeftige mense was wat nie die skoolgeld kon bybring nie.

Gedurende Julie, Augustus en September 1892 was daar in die „President Publieke School" respektiewelik 9 uit 65, 9 uit 75 en 9 uit 75 „gratis" leerlinge in die skool[5]. Gedurende die tweede kwartaal 1897 was daar nie minder as 25 gratis leerlinge uit 'n totaal van 43 in hierdie skool nie - meer as die helfte[6]. Gedurende die vierde kwartaal van dieselfde jaar

/was ...........

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 60.
2. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 60.
3. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1897, 37.
4. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 189.
5. O.D. 13/1: Brief No. 2215, 15.10.1892.
6. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1897, 99.

was daar 45 gratis leerlinge uit die 150 aan die skool[1] verbonde[2].

Op Goedgevonden was daar in die tweede kwartaal van 1897 vyf gratis leerlinge uit die 27[3], terwyl Hartebeestfontein in die vierde kwartaal van dieselfde jaar uit 'n totaal van 67 27 gratis leerlinge gehad het[4].

Deur die betaling van subsidies is die onderwys op die platteland geensins gereeld gedoen nie. Die onderwysers is besoldig uit die subsidiegeld, bereken volgens die aantal leerlinge. Wanneer die boere gedurende die wintermaande met hulle vee bosveld toe getrek het, het die subsidie in so 'n mate verminder dat die onderwysers onmoontlik daarvan kon bestaan. Hulle was dan daartoe gedwing om 'n ander heenkome te vind[5].

Finansiële laste, wat in die reël swaar op die skoolkommissies gedruk het, het daartoe aanleiding gegee dat skole eenvoudig moes ophou om te bestaan. As gevolg van finansiële moeilikhede was die skool op Rietkuil, met D.J. Rossouw as onderwyser, gedoem tot sluiting in 1890[6], terwyl die skool op Stilfontein ook maar 'n sukkelbestaan gevoer het[7]. Op 16 Januarie 1897 het die skoolkommissie van die „President Publieke School" ontbind, die skool gesluit en die Owerheid versoek om dit oor te neem. Die belangrikste beweegrede tot die besluit was dat daar nie meer voldoende geld tot die kommissie se beskikking was om die skool in stand te hou nie. Die balans waarmee die skool gesluit sou word, was £50. Dit het die subsidie wat vir die betrokke kwartaal nog betaal moes word, ingesluit. Die kommissie het nog die bedrag van £350 aan die regering geskuld[8].

/In ........... .

1. Toe die staatskool.
2. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 102.
3. Ibid., 2de kwartaal 1897, 102.
4. Ibid., 4de kwartaal 1897, 100.
5. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 67.
6. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1890, 15.
7. O.D. 9/3: Brief No. 1684.
8. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.

In die volgende tabel word die gesubsidieerde skole, gedurende die eerste jare na die diensaanvaarding van Mansvelt, aangedui:

| Jaar | Skool | Hoofonderwyser |
|---|---|---|
| 1892 | Presidentskool | C.A. Celliers |
| 1892 | Hartebeestfontein | P. van der Merwe |
| 1892 | Kafferskraal | Pienaar |
| 1892 | Opraap | Voges [1] |
| 1893 | President (Klerksdorp) | P.E.B. Schutte |
| 1893 | Hartebeestfontein | P. van der Merwe |
| 1893 | Kafferskraal | Pienaar |
| 1893 | Opraap | W. Voges |
| 1893 | Stilfontein | Mej. W. Blomerus [2] |
| 1894 | President | C.J. Maritz |
| 1894 | Hartebeestfontein | P. van der Merwe |
| 1894 | Kafferskraal | A.A. le Roux de Wet |
| 1894 | Opraap | W.P. Voges |
| 1894 | Stilfontein | Mej. N.S. Borrius |
| 1894 | Goedgevonden | Mej. M.C. Brink [3] |

Gedurende 1895-1899 is aan die volgende skole [4] subsidie uitbetaal: Presidentskool (later die staatskool), Hartebeestfontein-, Geduld-, Goedgevonden-, Kafferskraal-, Stilfontein- en Buysfonteinskool [5].

Die skoolfonds is verder aangesterk deur skoolgeld wat van die ouers self ingevorder is. Nadat die staatskool geopen het, is die skoolgeld soos volg vasgestel: leerlinge in st. 1 en 2 2/6 per maand, st. 3 en 4 5/- per maand, terwyl leerlinge in die hoër klasse elk 7/6 per maand aan skoolgeld moes betaal. Groot huisgesinne is egter tegemoetgekom deur 'n

/korting ......

1. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1892, 20-21.
2. Ibid., 1893, 25.
3. Ibid., 1894, 28.
4. Sommige het gewissel in hulle bestaan.
5. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 5-6, 33, 47, 49, 59-60, 34, 87 en 92.

korting op die volle bedrag aan skoolgeld van 5% vir 2 kinders, 10% vir 3 kinders en 15% vir vier of meer kinders in die skool[1]. Behalwe die skoolgeld moes die ouers ook skoolmateriaal, soos penne, potlode, liniale en skrifte, aan hulle kinders voorsien[2].

Dit blyk duidelik dat „particulier initiatief" alleen nie in die onderwysbehoeftes kon voorsien nie. Die staat was derhalwe verplig om later in te gryp en om groter somme geld tot beskikking van die onderwys te stel, aangesien die ouers en skoolkommissies soms blykbaar hulle plig versuim het. "Education was primarily a national function and not to be restricted to the parents, because the moment the solidarity of the state and the integrity of nation were threatened by the influx of thousands of foreigners whose children would grow up unassimilated and uneducated, parental 'rights' and initiative were cast to the winds, and the State stepped in to remedy the situation as best it could"[3].

b. Geboue en meubels.

Alvorens 'n subsidie aangevra kon word, moes die skoolkommissie eers die Departement van Onderwys oortuig dat hulle oor 'n geskikte gebou beskik waarin die onderwys kon plaasvind[4].

Skoolbesture was soms verplig om hulle tot die Owerheid te wend om hulp vir die voorsiening van klaslokale en uitrusting. Die owerheid het, wanneer kommissies dit nie kon bekostig nie, hout en yster voorsien vir die oprigting van geboue. Nadat 'n skoolgeboutjie op Buysfontein in 1898 opgerig is, het die skoolkommissie aansoek gedoen om subsidie en 'n toelae vir hout en yster[5]. Die Owerheid het egter die aansoek geweier,

/aangesien .......

---

1. Bylae 1.
   O.R.14846/97: Brief, 5.11.1897.
2. Meegedeel deur mev. P.S. Joubert.
3. Malherbe: Education in South Africa, 285-286.
4. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 67.
5. O.R.14522/98.

aangesien die mure van die geboutjie in plaas van die vereiste 10 voet slegs 9 voet hoog was. Die staat het vereis dat die gebou, waarin hulle 30-40 leerlinge wou huisves, ten minste 20Ø' x 17' x 10' moes wees[1]. Op 17 Oktober 1898 het die voorsitter van die skoolkommissie, F.W. Ernst, aan die Superintendent berig dat hulle onmiddellik 'n aanvang sou maak om die mure van die gebou tot op die vereiste hoogte te bring[2].

Nadat dit voltooi was, was die gebou 30' x 17' x 10'. Dit het 'n deur van 6'6" x 2'6" en 3 vensters van 5' x 3'6" gehad: 2 in die linker- en 1 in die regtermuur. Die mure was van klip[3] gebou, terwyl die vloer en plafon van hout was. Om die gebou te voltooi het die skoolkommissie £29.10.5. aan hout, £13.7.10. aan yster en £6.3.0. aan deure en vensters bestee[4]. Die Owerheid het toe die bedrag van £49.1.3. ter vereffening van bg. rekening aan die skoolkommissie gestuur[5].

Die nuwe skoolgebou is toe op 1 Oktober 1898 in gebruik geneem[6].

Gedurende 1897 het Goedgevonden en Hartebeestfontein ook toelaes vir hout en yster van die staat ontvang vir die oprigting van skoolgeboue[7].

Die Volksraad het ook grond aan skoolkommissies geskenk vir die oprigting van skoolgeboue. Op 18 Augustus 1897 het die sekretaris van die Klerksdorpse Skoolraad, Linder, aan die Staatsekretaris geskryf dat hy „door de Schoolraad gelast is de Hoog Ed. Regeering beleefd te verzoeken dat zekere 16 standplaatsen Nos. 801 tot en met 816 gelegen in het nieuwe dorp Klerksdorp beschikbaar mogen gesteld worden voor het doeleinde

/der .........

1. O.R.12650/98.
2. O.R.15817/98: Brief, 17.10.1898.
3. Die klipmure is 9 voet hoog, terwyl die ekstra 1 voet, wat kort geskiet het om aan die vereistes te voldoen, van bakstene gebou is.
4. O.R.16368/98: Brief, 23.1.1899.
5. O.R.1488/99.
6. O.R.16368/98: Brief, 23.1.1899.
7. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1898, Bijlage A, 28.

der nieuwe school aangezien het gebleken is dat de grond waarop de oude school staat[1] geheel te klein is"[2]. Die Uitvoerende Raad het op 11 November 1897 aan die versoek van die skoolraad voldoen[3]. Omdat die nuwe gebou gebiedend noodsaaklik geword het[4], het die Owerheid daartoe oorgegaan om 'n netjiese en ruim gebou op die 16 standplase te bou. Die gebou is in Januarie 1899 deur die Superintendent geopen[5]. Volgens Wet No. 15 van 1896 is die gebou op staatsonkoste opgerig[6].

Die staat het ook later aan skoolkommissies, wat soms swaar gebuk gegaan het onder finansiële laste, hulp verleen vir die oprigting van onderwyserswonings. Die hoë huur wat die skoolkommissie moes betaal vir 'n onderwyserswoning, was ook juis een van die redes waarom daar besluit is om die Presidentskool oor te dra aan die staat[7]. Die Owerheid het, na die oorname van die Presidentskool, aan die hoof behalwe sy salaris 'n toelae van £15 p.j. toegestaan vir huishuur[8]. Gedurende 1898 het die skoolkommissies van Hartebeestfontein en Kafferskraal toelaes ontvang vir die oprigting van onderwyserswonings[9].

Die gebrek aan geskikte klaslokale het 'n remmende invloed op die onderwys uitgeoefen. Gedurende die laaste kwartaal van 1895 was daar byvoorbeeld in die Presidentskool 83 leerlinge, verdeel in 8 klasse, in een lokaal! Goeie orde was feitlik onmoontlik, en die onderwysers het mekaar gehinder, deurdat almal feitlik tegelyk met soveel afdelings moes praat[10]. In 1896 was daar wel drie klaskamers opgerig vir die betrokke skool[11], dog dit het op verre na nog nie in die behoeftes

/voorsien .........

---

1. Die grond waarop die polisiepos tans is.
2. R.12368/97: Brief, 18.8.1897.
3. Uitvoerende Raadsbesluit, 11 Nov. 1897, art. 916.
4. R.1741/97: Brief, 1.9.1897.
5. Klerksdorp mining record, 17 Jan. 1899.
6. R.13441/97: Briewe, 3.9.1897 en 14.9.1897.
7. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
8. R.1741/97: Brief, 10.8.1897.
9. Verslag van den Superintendent van Onderwijs 1898, Bijlage A, 29-30.
10. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1895, 76.
11. Ibid., 4de kwartaal 1896, 381.

voorsien nie. Die drie klaskamers moes in Oktober 1897 130 leerlinge van die Hollandse afdeling, verdeel in 8 klasse met 3 onderwysers en 'n onderwyseres, en 20 leerlinge van die Engelse afdeling, verdeel in 4 afdelings met 'n onderwyser en 'n onderwyseres, huisves[1].

'n Verdere faktor wat die onderwys nadelig beïnvloed het, was die gebrek aan doelmatige meubels en leermiddels in die skole self. Dit blyk dat daar 'n groot gebrek was aan tafels en banke in die klaslokale[2]. Gedurende 1897 was die gebrek aan banke een van die grootste oorsake wat die doeltreffende onderwys aan die Presidentskool feitlik 'n onbegonne taak gemaak het, aangesien Geyer 41 standerd 1-leerlinge op slegs 5 banke moes laat sit[3].

Dit blyk dat die toestande met betrekking tot toerusting laat gedurende die negentiger jare verbeter het. In Julie 1898 het die hoof van die staatskool, Wechgelaar, dubbele skryfborde aangevra om dié op esels te vervang, asook voldoende lessenaars vir die personeel, banke, kaste en landkaarte[4]. Hierdie aansoek van Wechgelaar is gesteun deur die Klerksdorpse Skoolraad[5]. Dit blyk dat die Owerheid hierdie aansoek gunstig oorweeg het, aangesien Thomas Douglas op 4 Februarie 1899 'n rekening van £202, waarvan £197.10.0. vir meubels, £2.10.0. vir skerms by die latrines en £2.0.0. vir 'n ekstra skryfbord, aan die Departement van Onderwys gestuur het[6].

## 7. Onderwysers.

### a. Kwalifikasies.

Die onderwys het gedurende die dae van die Z.A.R. gebuk

/gegaan ........

---

1. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 97.
2. Ibid., 1ste kwartaal 1895, 49.
   Ibid., 4de kwartaal 1896, 381.
3. Ibid., 4de kwartaal 1897, 97.
4. O.R.10279/98 in R.13441/97: Brief, 3.7.1898.
5. O.R.12565/98 in R.13441/97: Brief, 23.8.1898.
6. R.13441/97: Brief, 14.2.1899.

gegaan onder 'n groot tekort aan opgeleide onderwysers. Die posisie het wel later verbeter, dog gedurende 1895 was daar slegs 40% en in 1896 slegs 43% opgeleide leerkragte [1].

Die Onderwysdepartement was dus gedwing tot die indiensneming van onopgeleide leerkragte. In 1893 was beide die hoofde van Hartebeestfontein (P. van der Merwe) en Stilfontein (mej. W. Blomerus) onopgelei [2].

Vanaf die derde kwartaal van 1894 sou die subsidie aan die Rietfonteinskool geweier word omdat inspekteur Crots die onderwyser, Johannes F. Botha, as onbekwaam beskou het [3].

Mej. J.A. Page, onderwyseres van die skool op Hartebeestfontein, is op 15 Februarie 1898 uit die diens ontslaan [4] vanweë die feit dat sy as onbekwaam beskou is [5]. Behalwe mej. Page is ook P.M. van Koetsveld, Buysfonteinskool, vanweë onbekwaamheid op 30 September 1898 ontslaan [6].

Die gebrek aan opgeleide onderwysers en onderwyseresse was ook een van die beweegredes waarom die skoolkommissie van die „President School" op 16 Januarie 1897 ontbind het en die Owerheid versoek het om die skool oor te neem [7].

Die onderwyseres van Goedgevondenskool, mej. Brink, het geen metode in haar onderwys gehad nie [8], terwyl haar opvolger, J. van Coller, weer te hoogdrawend was. Hy kon nie daarin slaag om drie klasse gelyktydig besig te hou nie. J. van Coller het ook geen presensielys of kwartaalstate bygehou nie [9].

Omdat daar geen onderwyser bekombaar was nie, moes die skool op Kafferskraal in die helfte van 1893 tydelik sluit

/tydens ..........

1. Verslag van den Superintendent van Onderwijs 1896, 44.
2. Ibid., 1893, 25.
3. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1894, 43.
4. O.D.332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 33.
5. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 100.
6. O.R.15164/98: Brief, 5.10.1898.
7. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
8. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1895, 77.
9. Ibid., 4de kwartaal 1897, 103-104.

tydens die onderwyser se afwesigheid na die Kaap[1].

Tydens die Ringsitting van die Ned. Herv. of Geref. Kerk te Bloemhof, met ds. J.W.G. Strasheim van Klerksdorp as voorsitter, op 30 Januarie 1899 is die groot tekort aan opgeleide godsdienstig- en Afrikaansgesinde onderwysers bespreek. Daar is die mening uitgespreek dat die Departement van Onderwys die skoolkommissies moes toelaat om hulle ook tot die Vrystaat en Kaapkolonie te wend vir onderwysers. In sy skrywe aan die Departement van Onderwys in opdrag van die vergadering het ds. Strasheim aangetoon dat bloeiende skole gesluit moes word as gevolg van die gebrek aan onderwysers. Hy het verder by die Owerheid aanbeveel dat die aanvullingseksamens vir die onderwysers nie so streng beoordeel moes word nie, tot tyd en wyl daar voldoende onderwysers is[2].

Dit blyk dat die Owerheid hierdie gebrek sterk aangevoel het. Om die onderwys tot groter hoogtes te voer het die Onderwysdepartement 'n jaarlikse honorarium van verdienste tegeken aan onderwysers wat tydens inspeksie aan spesiale vereistes voldoen het[3]. „Het is een vaste waarheid dat de vooruitgang en de verbetering van de onderwijs in de eerste plaats afhangen van de verhooging van het ontwikkelingspeil der onderwijzers"[4].

Alhoewel daar tot aan die end van die bestaan van die Z.A.R. 'n gebrek aan opgeleide onderwysers was, was daar wel skole wat oor goeie leerkragte beskik het. Inspekteur Crots het reeds in 1894 vir P. van der Merwe van Hartebeestfontein 'n honorarium van verdienste van £25 per jaar aanbeveel vir deeglike werk[5].

Die staatskool op Klerksdorp het ook vanaf 1897 oor 'n

/aantal .........

1. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1893, 54.
2. O.R. 2287/99: Brief, Febr. 1899.
3. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 48.
4. Verslag van den Superintendent van Onderwijs 1896, 17.
5. Verslag van den schoolinspectiën, Aug. 1894, 46.

aantal goeie onderwysers beskik. „De heer van der Mark toont in alles een goed onderwijzer." Hy het die kuns verstaan om die leerlinge, selfs onder remmende faktore soos beknoptheid en met ander klasse in dieselfde lokaal, te boei[1]. „De heer Ogg geeft over 't geheel goed en ontwikkeld onderwijs." „Mej. Teengs geeft op aangename wijze goed onderwijs. Zij is steeds met opgewektheid bezig en heeft orde in hare klasse en by het werkt." Die hoof, Wechgelaar, was ook 'n goeie onderwyser[2].

b. Nederlander-onderwysers.

Die Owerheid was nie eintlik daartoe te vinde om onderwysers uit die Kaapkolonie in te voer nie, omdat dié meestal verengels was[3]. Leerkragte is toe hoofsaaklik vanuit Nederland verkry. In die reël was die Nederlander-onderwysers beter gekwalifiseerd, met die gevolg dat hulle beter poste beklee het as plaaslike onderwysers.

Dit wil voorkom of die Hollandse onderwysers lojaal gestaan het teenoor die onderwysbeleid van Mansvelt, wat weer sterk gesteun is deur die Staatspresident. Hulle was dan ook die sterkste bolwerk teen die Britse invloed in die onderwys[4]

Gedurende die laaste gedeelte van die negentiger jare was daar in Klerksdorp veelvuldige wrywings, selfs bitsigheid, op die onderwysgebied tussen die Kaaplandse voormanne en hulle volgelinge in Transvaal aan die een kant en die Owerheid aan die ander kant. Hulle het dit veral gehad teen die onderwysbeleid, die Departement van Onderwys en die Nederlandse onderwysers.

/Klagtes .......

1. Verslag van den schoolinspectiën, 4de Kwartaal 1897, 97.
2. Ibid., 99.
3. O.R. 2287/99: Brief, Febr. 1899.
   Ds. Strasheim het in die vorm van 'n memorie die Owerheid versoek om aan skoolbesture toestemming te verleen om hulle tot die Kaapkolonie en O.V.S. te kan wend om die tekort aan onderwysers aan te vul.
4. O.R. 10185/97, ~~d.d.~~ 11.8.'97.
   Ploeger: Onderwys en onderwysbeheer in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek 1952, 1, 241.

Klagtes het ingekom dat die onderwysers nie deug nie, omdat hulle Nederlanders was. Dit was veral ds. Strasheim wat dit teen die Hollander-onderwysers gehad het. Die Nederlandse hoof van die staatskool, H. Wechgelaar, het onder andere die volgende van ds. Strasheim, 'n skoolraadslid, te sê gehad in 'n brief aan die Superintendent: „Hij zal alle middelen vinden om de Hollander-kliek verdacht te maken".

Wechgelaar het die stigting van 'n tweede staatskool in „Oudorp" ten sterkste afgeraai, aangesien hy van mening was dat ds. Strasheim sy eie skool sou stig met „een andere - een koloniale jingo". Wechgelaar was van mening dat dié skool die bestaande staatskool sou laat leegloop, en: „Is het eenmaal zoover, dan zal Ds. Strasheim in zijn vuistje lachen: en met hem de heele jingo kliek .... de heeren zijn sterk in het maken van feiten"[1].

3. Die taalkwessie.

In sy toespraak in 1890 het professor Mansvelt „bepleit dat Onderwys in die Nederlandse taal en meer studieboeke in Nederlands die kanse vir die Kaaplandse Afrikaner om Engels te oorwin baie sterker sou maak". Mansvelt was die mening toegedaan dat die Engelse taal en Engelse boeke die volk sou verengels[2].

Mansvelt het in Mei 1892 aan die inspekteurs opdrag gegee „om orals Engels in standers I en II te verbied en om in hoër standerds op voertaaloefeninge van Engels-in-Nederlands aan te dring"[3].

Uit die volgende uittreksel van die Superintendent se brief in 1892 aan C.A. Celliers, hoof van die Presidentskool, blyk baie duidelik dat Mansvelt van die staanspoor af Hollands

/'n ..........

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 242.
2. Ibid., 69.
3. Ibid., 74.

'n ereposisie op skool wou laat beklee: „.... dat onder de oude schoolwet eerst in den vierden Standaard de Engelsche taal mocht worden onderwezen en volgens de neiuwe Schoolwet daarmede in den 3 den Standaard eerst in aanvang mag worden gemaakt .... dat gij in alle Standaarden 1, 2 en 3 Engelsch onderweest en Uw verkrachting van de schoolwet zoo ver dorst drijven dat gij 3 kinderen méér voor 't Engelsch spellen en lezen op bracht dan voor 't Hollandsch spellen en lezen ...." Voorts is die hoof „met den meesten ernst" gewaarsku dat subsidie geweier sou word as die onwettige toestand nie onmiddellik beëindig sou word nie [1].

Hierop het Celliers die Superintendent geantwoord dat hy, d.w.s. die Superintendent, „.... geheel onbekend is met de moeielijkheid waarmede de Pres. Pub. School te kampen heeft ...."

„Hier bestaan op het oogenblik vijf à zes private scholen die hun uiterste best doen de Goevernement School afbreuk te doen door uitsluitelijk onderwijs in de Engelsche taal te geven. Daar de Goevernement School de eenigste School hier te plaatse is waar de kinderen onderwijs in de Hollandsche taal ontvangen, ontvangen alleen die kinderen die haar bijwonen onderwijs in de taal. De ouders die hunne kinderen naar die school (Pres. Pub. School) sturen, hoewel wenschende dat zij de Hollandsche taal zullen leeren, zijn even begeerig dat zij ook de Engelse taal zullen leeren; en zoo ernstig zijn zij op dit punt, dat zij, liever dan dat hunne kinderen uitsluitelijk onderwijs in die Hollandsche taal zullen ontvangen, hen naar een van de Engelsche scholen zullen zenden. Het gevolg hiervan zal wezen, dat in plaats van dat het opkomende geslacht, met toelating van een weinig Engelsch, de Hollandsche taal zullen leeren, zij alleen de Engelsch taal zullen leeren. Er bestaat slechts een uitweg uit zulk een moeielijkheid dien ik met goedgevolg beproefd

/heb, .......

1. Bylae II.

heb, namelijk:- Sedert het begin des jaars, toen bijkans alle onderwijs in de Engelsche taal gegeven werd, heb ik hapsgewijze het Engelsch uit de school geweerd en twijfel er geenzins aan of het zal mij eindelik gelukken de taal geheel vaarwel te zeggen ...."[1].

In die begin van 1892 is die hoof van Hartebeestfontein ook „scherp" berispe toe hy 'n brief in Engels aan die Superintendent gerig het, bloot omdat hy „ter staving van mijne Engelsche certificaten den brief in 't Engelsch" geskryf het. Voorts het P. van der Merwe verklaar dat „Hollandsch ten strengste het medium van onderwijs" in sy skool was[2].

Die Presidentskool het in 1892 geëindig met 80 leerlinge, terwyl daar in Maart 1893 as gevolg van die nuwe wet slegs 20 was[3]. 'n Kommissie, met ds. Strasheim aan die spits van sake, het die toestand ondersoek. Hulle het bevind dat daar slegs 12 leerlinge was wat die skool sou besoek as net Hollands onderrig sou word[4]. Nadat die Owerheid toegelaat het dat Engels onderrig kon word, was daar in Maart 1894 weer 83 leerlinge[5].

In die vorm van memories het 1,108 persone in 1894 die Volksraad om meer Engels op skole gevra. Byna sonder uitsondering het hulle versoek dat twee van die vyf skoolure aan Engels bestee moes word. Nadat die memories ontleed is, het dit bekend geword dat Hartebeestfontein om en by 50 handtekeninge gelewer het[6].

Dit is baie duidelik dat Engels gedurende die laaste gedeelte

/van ......

1. O.D. 13/1: Brief No. 2296, Celliers aan Odé, Klerksdorp, 29.10.92.
2. O.D.12/1: Brief No. 615, 16.4.1892.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 114.
4. Klerksdorp mining record, 8.4.1893.
5. Guest: t.a.p.
6. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 119.

van die negentiger jare 'n groot houvas op Klerksdorp gekry het. Die verengelsingsproses het soos 'n suurdeeg sterk begin inwerk, en die opgroeiende jeug het die Engelse taal, sedes en gewoontes begin aanvaar. Selfs die volwassenes het die Engelse gevaar uit die oog begin verloor[1].

Meer en meer het die Engelse begin aanspraak maak op eie skole op die Klerksdorpse goudvelde. Dit blyk dat die Engelse ook sterk gekant was teen die Nederlandse onderwysers. Hulle het tot die stigting van hulle eie skole oorgegaan[2], dog die tydperk van bestaan van hierdie skole was in die reël kort van duur as gevolg van die gebrek aan staatsteun[3].

Die taalkwessie kom baie mooi na vore in die staatskool op Klerksdorp. Die skool is op 9 Augustus 1897 geopen met 122 leerlinge, van wie 12 Engelssprekend was, met die Hollander-onderwyser, H. Wechgelaar, as hoof[4].

Volgens Wechgelaar was die ouers van die leerlinge van mening „dat zij naar willekeur hunne kinderen in de Hollandsche of Engelsche afdeeling kunnen geplaast krijgen". Wechgelaar het op grond hiervan met die voorstel na die Onderwysdepartement gekom om as tegemoetkoming 'n halfuur meer Engels te onderrig en verder daaraan toegevoeg: „Men wil nu eenmaal tog Engelsch; wij kunnen het Hollandsch krachtig handhaven; en loopen geen gevaar dat de leerlingen terecht komen op scholen, waar alleen Engelsch onderwezen wordt". Volgens die hoof was daar nog die moeilikheid van „het aanbrengen van kennis der Holl. taal bij de Eng. leerlingen", en het daaraan toegevoeg dat slegs 'n klein deel van die skoolraad insake die taalkwessie aan die kant van die Owerheid sal staan[5].

/Die .......

---

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 234.
2. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
4. O.R. 10185/97: Brief, 11.8.1897.
5. Ibid.

Die Sekretaris van Onderwys, De Jonge, het die brief van Wechgelaar aan die Staatsekretaris gestuur en opgemerk: „De kwestie is van groot belang, omdat het een beginselkwestie is". Die Departement van Onderwys het Wechgelaar toe geantwoord en gesê dat Engels na skoolure onderrig kon word, maar wat betref die onderrig van Engels gedurende die gewone skoolure, is aan hom meegedeel: „Voor 't overige moet gij vallen en staan met het beginsel. Kùnt gij het den menschen duidelijk maken, dat zij als Hollandsche Afrikaners het hunne heilige plicht achten de Hollandsche taal de eerste plaats in de school te geven, zoodat zij leeren instemmen met de Wet dan hebt gij het grootst denkbare succes verkregen .... Er zijn er die weten, wat zij aan hun natie verskuldigd zijn. Zij hebben ons al die jaren van strijd gesteund en zullen dat weder doen .... Dan zijn er ook die eerst gedwaald hebben, maar door deskundigen .... overtuigd zijn van hun dwaling. En onder de velen, die nu nog de, Engelsche ziekte hebben, zullen er zeker wel gevonden worden, die voor overtuiging vatbaar zullen blijken"[1].

Daar was 'n groot tekort aan opgeleide Engelse onderwysers. Gedurende 1897 is die volgende telegram aan John Ogg, hoof van die skool op Oudtshoorn, gestuur: „Zal u bij Regeering voordragen, doch reken er op, dat gij begin Oktober te Klerksdorp moet zijn of, indien eenigzins mogelijk, vroeger. Groote behoefte aan Engelsch onderwijzer te Klerksdorp"[2]. Die aanstelling van John Ogg as hoof van die Engelse afdeling sou dan die Engelse seksie tevrede gestel het[3].

Die aantal Engelse leerlinge aan die staatskool het in September 1897 reeds 26 van die totaal van 158 uitgemaak. Die hoof van die skool het aangevra vir 'n tweede Engelse onderwyser[4].

/John ..........

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republick onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 241.
2. R.1741/97: Telegram.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 115.
4. R.1741/97: Brief, 1.9.1897.

John Ogg het enige maande voor die oorlog vertrek. Die skool moes tydelik sonder 'n Engelse onderwyser klaarkom, wat die skool afbreuk gedoen het [1]. Op 2 Augustus 1899 het G.B. Magill, uit Natal, diens aanvaar as Engelse onderwyser in die plek van Ogg [2].

Nadat toestemming daartoe verleen is, is Engels toe aan die staatskool onderrig deur John Ogg en mej. Wilson vanaf 4 nm. tot 4.30 nm. - buite die gewone skoolure. Dit blyk dat hierdie klasse baie gereeld bygewoon is [3]. Selfs op die buiteskole is Engels na die gewone skoolure onderrig. Gedurende 1898 het Meester, die hoofonderwyser van Buysfontein, van 7.30 vm. tot 8.30 vm. aan standerd 3- en 4-leerlinge Engels onderrig - dus 'n hele uur per dag [4].

Op grond van die inspeksie van inspekteur Moora op 23 November 1896 is mej. M.C. Brink van die Geduldskool versoek om die Engelse skryfboeke deur Hollandse skryfboeke te vervang [5]. Mej. Brink het vroeg in 1897 aan hierdie versoek voldoen [6].

Dit blyk dus baie duidelik dat die Owerheid tot elke prys Hollands 'n ereposisie op die skool wou laat beklee. Die feit dat die owerheid die Engelse seksie tegemoetgekom het ten opsigte van Engels, veral op die goudvelde, het weer hewig protes uitgelok van die anti-Engelsgesindes. Hulle het die tegemoetkoming ten sterkste afgekeur en het selfs gedreig om die Superintendent te ontslaan omdat hulle gebore Suid-Afrikaners aan die roer van sake wou sien wat dan, volgens hulle, die regte koers kon inslaan. „Reeds op 1 April 1899 het die spesiale landdros van Klerksdorp aan dr. Mansvelt meegedeel dat daar 'n memorie sirkuleer om die Superintendent te ontslaan en Adv. Crots in sy plek aan te stel" [7].

/Dr. .......

1. O.R. 12752/99: Telegram.
2. R. 11934/99.
3. Mededeling, mev. P.S. Joubert.
4. O.R. 1486/99: Brief, 26.12.1898.
5. O.R. 1510/97.
6. O.R. 4198/97: Brief, 2.4.1897.
7. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 278.

Dr. Mansvelt het egter ook sy ondersteuners in Klerksdorp gehad. A.P. Roos het op 'n vergadering van die „Klerksdorp-Potchefstroom-Taalvereniging" die standpunt van die Superintendent verdedig en hom sterk uitgespreek teen die beweging teen dr. Mansvelt. Hy het onder andere verklaar: „Dr. Mansvelt is uit Europa naar de Kolonie geroepen. Daar heeft hij 22 jaar met eere gewerkt. Daar kende hij geen vijanden .... In de Kolonie was hij het zout der aarde, en in onze Republiek is diezelfde gevierde man, zoo diep weggezonken, dat er niets meer van hem deugt". Roos het voorts verklaar dat ds. J.W.G. Strasheim, wat so te velde trek teen dr. Mansvelt, vantevore op 'n openbare vergadering, waarop dr. Mansvelt aanwesig was, verklaar het dat hy veel aan Mansvelt te danke het[1].

Die deelname van predikante, soos die geval was met ds. Strasheim, aan die taalstryd is deur sekere mense in die Republiek sterk afgekeur. Dit het ook lewendige korrespondensie in die koerante uitgelok. In antwoord hierop en ter beskerming van hulle kerk en predikante het 28 persone van Hartebeestfontein in 'n memorie versoek „zekere De Jonge F. Zoon (alias) Korach .... te ontslaan .... vanwege zijn leugenachtige taal die hy gebruikt heeft in de Nieuwsbladen tegen onze Kerk en Leeraren"[2].

9. Groei en wisselende bestaan van individuele skole.

a. Gesubsidieerde skole.

(1) Buysfontein.

Die eerste onderwys moet reeds in 1884 op die plaas Buysfontein gegee gewees het[3]; dog dit moet kort daarna doodgeloop het, aangesien daar eers weer laat gedurende die negentiger /jare .....

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 278-279.
2. Ibid., 278.
3. O.R. 558/84.

jare op Buysfontein skoolgehou is[1].

In 'n uiters ondoeltreffende lokaal het P.M. van Koetsveld gedurende 1898 aan 30 tot 40 leerlinge onderwys gegee[2]. Hy is egter op 30 September 1898 deur die skoolkommissie ontslaan[3].

Die nuwe skoolgebou op Buysfontein is op 1 Oktober 1898 geopen[4]. Vanaf die openingsdag van die nuwe skool het H. Meester, bygestaan deur sy dogter G.H. Meester (kwekeling), daar onderwys gegee[5].

Die skool op Buysfontein het op 9 November 1899 gesluit, toe Meester „naar de grenzen" moes gaan[6].

(2) Geduld.

Nadat die skool reeds vantevore bestaan het, is dit op 8 Julie 1896 heropen met mej. M.C. Brink as onderwyseres[7]. Op 23 November 1896 was daar 16 leerlinge by die skool ingeskryf, en hulle was in 3 klasse verdeel. Omdat mej. Brink na die Kaapkolonie vertrek het, moes die skool op 22 Junie 1897 vir 'n onbepaalde tyd gesluit word[8].

Mej. Brink is na die verloop van 'n tydjie opgevolg deur Groenewald; dog die skool het laat in 1897 weer eens gesluit[9].

(3) Goedgevonden.

Nadat die skool min of meer 3 jaar gesluit was, het dit op 15 Oktober 1894 heropen met mej. M.C. Brink as onderwyseres. Onderwys is gegee in 'n betreklik goeie lokaal, en die meubels was voldoende. In November 1894 was daar 19 leerlinge by die skool ingeskryf[10]. Die leerlingtal was in Junie 1895 16[11]

/en ..........

1. Meegedeel deur S.C. Ernst.
2. O.R. 12650/98.
3. O.R. 15164/98: Brief, 5.10.1898.
4. O.R. 16368/98: Brief, 23.1.1899.
5. O.R. 15164/98: Brief, 23.1.1899.
6. O.R. 17201/99: Brief, 31.10.1899.
7. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 47.
8. O.R. 7598/97.
9. O.R. 14144/97.
10. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1894, 49.
11. Ibid., 2de kwartaal 1895, 72.

en in November 1895 slegs 14 [1]. Kort hierna moet die skool gesluit het, aangesien mej. Brink op 8 Julie 1896 die skool op Geduld begin het [2].

Die skool op Goedgevonden is op Maandag 19 Oktober 1896 heropen met J. van Coller as onderwyser [3]. Op 12 Junie 1897 het Van Coller onderwys gegee aan 27 leerlinge [4] en op 28 Oktober van dieselfde jaar aan 25 leerlinge [5]. Vanweë die onbekwaamheid van die onderwyser [6] moes die skool op 25 November 1897 sluit [7].

Op 12 April 1898 is die skool, met mej. H.S. Steyn as onderwyseres heropen; dog dit het weer op 30 Junie 1898 gesluit [8].

Vir die laaste keer gedurende die bestaan van die Z.A.R. is die skool op 11 Julie 1898 heropen met Paul J. Roux as onderwyser [9]. Roux het hom ongeskik geag om met die uitbreek van die oorlog op kommando te gaan en het die skool aan die gang gehou tot aan die einde van 1899 [10].

(4) Hartebeestfontein.

Die goeie werk wat in die skool gedoen is tydens die superintendentskap van Du Toit, is voortgesit gedurende die negentiger jare. „Tot uwe satisfactie moet ik u meedelen dat onze school in eenen zeer bloeienden toestand verkeert" [11].

P. van der Merwe (hoof) en mej. Marie van Heerden het in Augustus 1892 onderwys gegee aan 59 leerlinge [12]. In 1894 was daar 71 leerlinge, met P. van der Merwe, mejj. M. van /Heerden .....

---

1. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1895, 77.
2. O.R. 4113/96: Brief, 8.7.1896.
3. O.R. 9500/96: Brief, 19.10.1896.
4. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1897, 102-103.
5. Ibid., 4de kwartaal 1897, 103.
6. Ibid., 4de kwartaal 1897, 104.
7. O.R. 16154/97: Telegram.
   O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 49.
8. O.D. 332: a.w., 49.
9. Ibid., 87.
10. O.R. 16834/99: Brief, 11.10.1899.
11. O.D. 13/2: Brief No. 2349, 3.11.1892.
12. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1892, 60-62.

Heerden en D. Jooste (kwekelingonderwyseresse) as leerkragte [1].

Op 15 Januarie 1895 het S.V. van Niekerk hoof van die skool geword. In November 1895 het Van Niekerk, bygestaan deur mej. M. van Heerden en 'n kwekelingonderwyseres in die persoon van mej. W.R. Wentzel, aan 69 leerlinge, verdeel in 8 klasse, onderwys gegee [2].

Die onderwys aan die skool was nog steeds van 'n hoë gehalte. Die hoof en mejj. W.R. Wentzel en L. Mason het in Mei 1896 onderwys gegee aan 59 leerlinge, wat verdeel was in 7 klasse [3]. Die leerlingtal het egter later in 1896 skerp begin afneem, sodat daar in November slegs 48 leerlinge, verdeel in 4 klasse, was [4].

Gedurende 1897 het die getal inskrywings weer gestyg en redelik konstant gebly. Mej. J.A. Page was saam met mej. D. Jooste die hoof gedurende daardie jaar behulpsaam. Aan die einde van Mei was daar 71 leerlinge, verdeel in 7 klasse [5], en in Oktober 67 leerlinge, wat in 6 klasse verdeel was [6].

Die skool het op 4 Oktober 1899 gesluit [7].

(5) <u>Kafferskraal.</u>

Gedurende Augustus 1892 het die onderwyser, C.J. Pienaar, aan 13 leerlinge onderwys gegee. Die skoolgeboutjie was klein en die meubels primitief [8]. In 1893 moes die skool tydelik gesluit word, aangesien Pienaar na die Kaapkolonie vertrek het [9].

Op 1 Oktober 1894 is die skool heropen met A.A. le Roux de Wet as onderwyser. Die leerlingtal was op 7 Februarie 1895

/23 ......

---

1. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1894; 43-46.
2. Ibid., 4de kwartaal 1895, 67.
3. Ibid., 2de kwartaal 1896, 10-13.
4. Ibid., 4de kwartaal 1896, 380-381.
5. Ibid., 2de kwartaal 1897, 92-95.
6. Ibid., 4de kwartaal 1897, 100.
7. O.R. 16846/99: Brief, 10.10.1899.
8. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1892, 62-63.
9. Ibid., 3de kwartaal 1893, 54.

23 kinders, verdeel in 4 klasse [1]. Daar is goeie vordering gemaak in die onderwys, dog die aantal leerlinge het tot Augustus 1895 na 16 gedaal [2].

Nadat die skool weer eens vir 'n geruime tydjie gesluit was, is dit weer op 8 Februarie 1897 heropen met 24 leerlinge. J.A. Vlok was onderwyser [3]. Op 2 Junie 1897 was daar reeds 30 leerlinge, verdeel in 5 groepe [4].

Die skoolkommissie het in 1897 daartoe oorgegaan om 'n meer doeltreffende gebou op te rig, dog die meubels was nog onvoldoende. Op 26 Oktober 1897 was daar 29 leerlinge [5].

Die skool het op 1 Oktober 1898 tydelik gesluit. Vanaf 1 Januarie 1899 het F. ten Kaate opgetree as onderwyser [6], totdat hy in die latere gedeelte van dieselfde jaar vervang is deur O. van Oostrum [7].

O. van Oostrum moes op kommando gaan, en die skool is op 6 Oktober 1899 gesluit [8].

(6) <u>Opraap</u>.

Die skool is in Oktober 1892 gestig met W.P. Voges as onderwyser [9]. As gevolg van ontevredenheid en klagtes wat ouers teen die onderwyser ingebring het, is die skool tydelik gesluit. Daar is veral beswaar gemaak teen die gees van losbandigheid wat daar geheers het. Voorts blyk dit dat die onderwyser nie met gebed en gewyde sang die skool geopen en gesluit het nie [10].

W.P. Voges het weer op 1 Februarie 1893 begin skoolhou met 7 leerlinge [11]. Die skoolkommissie het hulle toe vergewis

/dat ........

1. Verslag van de schoolinspectiën, 1ste kwartaal 1895, 49.
2. Ibid., 3de kwartaal 1895, 133 - 134.
3. O.R. 1541/97: Brief, 8.2.1897.
4. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1897, 95-97.
5. Ibid., 4de kwartaal 1897, 101-102.
6. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 92.
7. O.R. 11478/99.
8. O.R. 16800/99: Brief, 7.10.1899.
9. Verslag van de Schoolinspectiën, 3de kwartaal 1893, 54.
10. O.D. 14/1: Brief No. 2796, 22.12.1892.
11. O.D. 14/2: Brief No. 167, 7.2.1893.

dat daar nie weer losbandigheid en wanorde sou heers nie. Op 13 Februarie 1893 het hulle hulle huishoudelike bepalings opgestel, wat bepaal het dat die nodige godsdiens gehou moes word; gewone skoolure van 9-12 vm. en dan weer van 2-4 nm.; Hollands as voertaal; streng optrede teen wangedrag en gereelde inspeksie deur die skoolkommissie [1]. „Ik hoop en vertrouw ook dat de grieven nu uit den weg geruimd is voor goed, en zal met de hulp van God mijn werk verder voortzetten zonder schroom" [2].

Dit blyk dat die skool onder Voges nie lank bestaan het nie. Eers in 1899 is dit weer geopen met A. Groenenstein as leerkrag [3].

(7) Oudorp, Klerksdorp.

Dit wil voorkom dat hierdie skool, vanaf die stigting van die „President Publieke School" aan die einde van 1888 [4], 'n kwynende bestaan gevoer het. Vanaf April 1893 het F.B. Schutte vir L.E. Dreyer opgevolg as onderwyser. Op 25 Oktober 1893 was daar nog 27 leerlinge [5].

Omdat daar geen verdere verslae van die skool gevind kon word nie, kan aangeneem word dat die skool ongeveer gedurende 1894 moet gesluit het [6].

Die sekretaris van die Klerksdorpse Skoolraad het in Maart 1898 berig dat die Klerksdorpers 'n nuwe staatskool in die ou gedeelte van die dorp versoek [7].

Die hoof van die bestaande staatskool in die nuwe gedeelte van Klerksdorp het hom hiermee bemoei en dit afgekeur. Indien /so ........

1. O.D. 14/2: Brief No. 248, 13.2.1893.
2. Ibid., 22.2.1893.
3. O.R. 9765/99.
4. O.D. 4/4: Brief, 19.9.1888.
5. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1893, 46-47.
6. O.D. 332. Die skool word ook nie genoem in die „Register van dorp- en wykskole" vir die jare 1895-1899 nie.
7. O.R. 4183/98: Brief, 16.3.1898.

so 'n skool wel toegestaan sou word, moes die hoof egter geen „vriend of speelbal" van ds. Strasheim wees nie[1].

Nadat die aansoek oorweeg is, het die Onderwysdepartement dit van die hand gewys, aangesien die bestaande staatskool as voldoende beskou is[2]. Daar was ook die gevoel dat die bestaande staatskool nog te kort van duur was en dat die Oudorp nog nie deel uitgemaak het van die geproklameerde goudvelde nie[3].

(8) Rietfontein.

In Januarie 1894 is hierdie skool geopen met Johannes F. Botha as onderwyser. Op 17 Augustus 1894 was daar 16 leerlinge. Inspekteur Crots het die onderwyser as onbekwaam vir onderwysdiens beskou en aanbeveel dat die subsidie aan die skool geweier moes word vanaf die einde van die derde kwartaal 1894[4]. Hierna het die skool nie weer heropen nie.

(9) Stilfontein.

Nadat die skool in 1889 slegs vir 'n kort tydjie as privaatskool bestaan het, het dit op 1 Februarie 1893 as 'n staatsondersteunde skool heropen. Mej. Wilhelmina S. Blomerus was die onderwyseres en het onderwys gegee aan 14 leerlinge[5]. Die onderwys self was primêr van aard. Op 26 Oktober 1893 was daar 15 leerlinge in die skool, verdeel in 3 klasse[6]; en op 6 November 1894 was daar 18 leerlinge[7].

Mej. Blomerus het in 1895 bedank, en die skool moes gesluit word[8].

J.P. du Toit het as onderwyser die skool weer begin op 4 Augustus 1897. Op 20 Oktober 1897 was daar 21 leerlinge, wat in 4 klasse verdeel was[9]. Op 1 April 1898 het die skool

/weer ...

1. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 242.
2. O.R. 4183/98: Brief, 2.4.1898.
3. Ploeger: t.a.p.
4. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1894, 42-43.
5. O.D. 14/2: Brief No. 249, 22.2.1893.
6. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1893, 47.
7. Ibid., 4de kwartaal 1894, 50.
8. O.R. 2324/95.
   O.R. 568/95.
9. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 94-96.

weer eens gesluit[1].

(10) „President Publieke School".

Die skool is in die nuwe aanleg van Klerksdorp begin in September 1888[2].

Gedurende die ampstermyn van dr. Mansvelt het die skool beide hoog- en laagwatermerke beleef.

C.A. Celliers, wat J.H. Blignaut in September 1891 opgevolg het, was in 1892 bygestaan deur mejj. Louisa Stadler en Marion Betton. Dit blyk dat hulle goeie werk verrig het[3].

In Julie 1892 was daar reeds 65 leerlinge, terwyl die inskrywing in September op 75 te staan gekom het[4].

Die hoof, C.A. Celliers, het in 1893 bedank, en mej. König is tydelik in sy plek tot die personeel bygevoeg[5].

Nadat die jaar se skoolwerksaamhede in 1892 met 80 leerlinge afgesluit is, het daar in Maart 1893 slegs 20 leerlinge die skool besoek. Die rede vir die skerp daling in die leerlingtal was dat die ouers op Engels in die skool aangedring het[6]. Dit wil voorkom dat die skool op grond van die taalkwessie gedoem was tot sluiting vir ongeveer 'n jaar[7].

In Januarie 1894 is die skool heropen met C.J. Maritz as waarnemende hoof en met 36 leerlinge. Op die tweede dag was daar 51 leerlinge ingeskryf[8].

Gustav E. Geyer het in April 1894 hoof van die skool geword. Daar was toe 89 leerlinge by die skool ingeskryf, en mejj. Louisa Stadler en Johanna van der Dam was assistentes. Alhoewel die skoollokaal ruim genoeg was om 150 leerlinge te huisves, was dit tog orde- en rusverstorend om sowat 90 leerlinge, verdeel in 5 klasse, in dieselfde lokaal te onderwys.

/Die .......

1. O.D. 332, 60.
2. O.D. 14/4: Brief, 19.9.1888.
3. Verslag van de schoolinspectiën, 3de kwartaal 1892, 59.
4. O.D. 13/1: Brief No. 2215.
5. O.D. 14/2: Brief No. 40, 10.1.1893.
6. Klerksdorp mining record, 8.4.1893.
7. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1894, 61.
8. Klerksdorp mining record, 17.1.1894.

Die 3 leerkragte moet mekaar noodwendig gehinder het deurdat hulle, met soveel klasindelings, tegelyk moes praat[1].

Die hoof, G.E. Geyer, en mejj. A.M. Jooste en J. Boshoff (kwekelingonderwyseresse) het in Junie 1895 onderrig gegee aan 78 leerlinge, wat verdeel was in 6 klasse[2]. Mej. Jooste is vervang deur mej. J. Ross. In November 1895 was daar 83 leerlinge, verdeel in 8 afdelings! Hierdie toestand, van soveel klasse met 3 leerkragte in dieselfde lokaal, het deeglike onderwys bykans 'n onbegonne taak gemaak[3].

Die 79 leerlinge wat in Junie 1896 by die skool ingeskryf was, was soos volg verdeel: „benede standaard" - 3, st. 1 - 46, st. 2 - 12, st. 3 - 17 en st. 4 - 1. Die leerkragte was G.E. Geyer (hoof), mej. J. Ross en mej. J.C. Monjé[4].

Die akkommodasiekwessie is laat in 1896 in 'n mate verlig toe 3 afsonderlike lokale ingerig is. In November 1896 het elk van G. Geyer, mej. Veltman en mej. L.M.J. Mason oor 'n eie klaskamer beskik. Daar was toe 76 leerlinge, verdeel in 6 klasse[5].

Die skoolkommissie, wat gebuk gegaan het onder swaar finansiële laste, het op hulle vergadering van 16 Januarie 1897 besluit om te ontbind, die skool te sluit en die staat te versoek om die skool, volgens Wet No. 15 van 1896, oor te neem[6].

Na die ontbinding van die skoolkommissie het Geyer blykbaar sy onderwys voortgesit. In Junie 1897 het hy en mej. A.J. Rothman (kwekeling) slegs 43 leerlinge gehad. Die vordering van die leerlinge was uiters onbevredigend, en die algemene toestande in die skool swak[7].

/Op ......

1. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1894, 60.
2. Ibid., 2de kwartaal 1895, 70-71.
3. Ibid., 4de kwartaal 1895, 75-76.
4. Ibid., 2de kwartaal 1896, 29-31.
5. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1896, 381-382.
6. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.
7. Verslag van de schoolinspectiën, 2de kwartaal 1897, 99-102.

Op 9 Augustus 1897 is die skool in die staatskool opgelos[1].

b. <u>Staatskool, Klerksdorp.</u>

Die staat het aan die skoolkommissie van die Presidentskool se versoek voldoen om die skool oor te neem, en die Uitvoerende Raad het op 1 Maart 1897 aan die Superintendent toestemming verleen om die skool as staatskool oor te neem[2].

Op 9 Augustus 1897 is die staatskool formeel geopen deur W.H. Neethling. Die Hollander-onderwyser, H. Wechgelaar[3], is as hoof aangestel teen die salaris van £500 p.j. plus 'n toelae van hoogstens £15 per jaar vir huishuur. As hoof van die Engelse afdeling is aangestel John Ogg, M.A., vanaf Oktober 1897. Die ander aanstellings was Cornelius van der Mark as eerste assistent, mej. Alberta J. Teengs as tweede assistente en as tydelike derde assistent Gustav E. Geyer. Slegs Geyer was 'n genaturaliseerde burger. Die Superintendent het derhalwe aanbeveel dat Wechgelaar, Ogg en Van der Mark so spoedig moontlik uitgenooi moes word tot naturalisasie om hulle aanstellings te bespoedig[4].

Op die openingsdag van die skool was daar reeds 122 leerlinge, van wie 18 Engels was[5]. Die skool het, danksy die bekwame personeel[6], van krag tot krag gegroei, sodat die Superintendent se woorde: „.... ik koester ...., de gegronde hoop, dat dit spoedig een der beste scholen onder de nieuwe Wet[7] zal zijn", inderdaad bewaarheid is[8].

Daar was op 22 Oktober 1897 reeds 150 leerlinge - 130 in

/die .......

---

1. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 6.
2. R.1741/97: Notule Uitvoerende Raad, 1.3.1897, art. 161.
3. Klerksdorp mining record, 24.7.1897.
   Hy was in staat om onderrig te gee in Hollands, Frans, Duits en Engels.
4. R.1741/97: Brief, 10.8.1897.
   Notule Uitvoerende Raad, 24.8.1897, art. 634.
5. O.R. 10185/97: Brief, 11.8.1897.
6. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 96-99.
7. Wet No. 15 van 1896.
8. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1897, 52.

die Hollandse afdeling, verdeel in 8 klasse, en 20 in die Engelse afdeling, verdeel in 4 klasse. Die Hollandse leerlinge het onderwys ontvang van Wechgelaar, Van der Mark, Geyer en mej. Teengs, terwyl John Ogg en mej. H.H. Wilson vir die Engelse afdeling verantwoordelik was[1].

In die begin van September 1897 was daar 158 leerlinge, van wie 26 Engelssprekend was. Omdat die hoof nog 'n verdere toename in die leerlingtal verwag het, het hy aangevra vir nog 'n assistent[2]. Beide Geyer en Van der Mark het sowat 50 leerlinge in hulle onderskeie klasse gehad, terwyl die hoof verantwoordelik was vir standerds 2[3] tot en met 4[4].

Aan die begin van 1898 het 'n nuwe skoolgebou reeds 'n vereiste geword. In Januarie 1898 moes die drie bestaande lokale 186 leerlinge huisves[5]. G. Geyer moes in Oktober 1897 onderwys gee aan 41 standerd 1-leerlinge in 'n lokaal wat slegs 25 leerlinge kon huisves, met slegs 5 banke tot sy beskikking[6].

Die Superintendent het op 16 Januarie 1899 die sierlike nuwe skoolgebou geopen[7]. Daar was toe reeds sowat 200 leerlinge. Die Hollandse afdeling, met Wechgelaar as hoof, en die Engelse afdeling, wat onder die beheer van John Ogg gestaan het, was van mekaar geskei[8].

Die oorlog het uitgebreek, en die son het vir een van die bloeiendste skole tydens die bestaan van die Z.A.R. ondergegaan. In Oktober 1899 was daar slegs 80 leerlinge wat die skool besoek het[9], terwyl die hoof, Wechgelaar, gedurende dieselfde maand soos volg aan die Onderwysdepartement berig het:

/"Ben ...........

1. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 96.
2. R.1741/97: Brief, 1.9.1897.
3. Daar was leerlinge in st. 2 van 15 tot 18 jaar oud.
4. O.R. 12021/97: Brief, 20.9.1897.
5. O.R. 1537/98: Brief, 11.1.1898.
6. Verslag van de schoolinspectiën, 4de kwartaal 1897, 97.
7. O.R. 19764/98: Brief, 28.11.1898.
8. Klerksdorp mining record, 24.1.1899.
9. O.R. 16981/99: Telegram.

„Ben gecommandeerd"[1]. Beide Magill[2] en mej. Gane het, „uit vrees voor het oorlogsgevaar", na die buiteland vertrek. Die Engelse klasse was hierna gesluit; dog die Hollandse afdeling het nog vir 'n kort periode aangebly onder leiding van C. van der Mark[3]. Mej. Keet sou vanaf Oktober 1899 'n tydelike toelae ontvang om die waarnemende hoof behulpsaam te wees[4].

c. <u>Privaatskole.</u>

Dit wil voorkom of die plattelandse bevolking van Klerksdorp nie 'n groot liefde vir privaatskole gehad het nie. Dit blyk dat hulle meer geglo het aan gesubsidieerde skole, aangesien hulle waarskynlik van mening was dat beter werk in die skole gedoen word en dat dit goedkoper was.

In Klerksdorp self het privaatskole byval gevind, en hulle is met tye ook goed ondersteun. Die meeste van die privaatskole se bestaan was van korte duur vanweë gebrek aan geld[5].

Na die ontdekking van die Klerksdorpse goudvelde in 1887 het groot aantalle vreemdelinge, veral van Engelse afkoms, Klerksdorp binnegekom. Soos 'n suurdeeg het die verengelsingsproses op die inwoners van Klerksdorp ingewerk, en slegs tien jaar later het verskeie Afrikaners alreeds die Engelse sedes en gewoontes begin aanvaar[6].

As protes teen die Owerheid, wat Hollands 'n ereposisie op die skole wou laat inneem, is verskeie privaatskole opgerig, met Engels op die voorgrond[7].

Die privaatskole het onderrig gegee in Engels, Hollands, Bybelse en algemene geskiedenis, rekenkunde, aardrykskunde

/en .........

1. O.R. 16029/99: Telegram.
2. R.11934/99.
   Hy het diens as Engelse onderwyser aanvaar in die plek van John Ogg, wat op 2 Aug. 1899 vertrek het.
3. O.R. 16981/99: Brief, 16.10.1899.
4. Notule Uitvoerende Raad, 3.10.'99, art. 908.
5. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
   Privaatskole het geen staatstoelaes ontvang nie.
6. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 234.
7. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.

en skrif. Baie aandag is ook aan sport, teken, musiek en konsertwerk bestee. Pieknieks en ander vermaaklikhede is gereël, en ouers is gereeld besoek. Die skole was dus eintlik daarop uit om in die openbaar te skitter en om die gesubsideerde skole te laat leegloop[1]. „Hier bestaan op het oogenblik vijf à zes private scholen die hun uiterste best doen de Goeverne- ment School afbreuk te doen door uitsluitelijk onderwijs in de Engelsche taal te geven"[2].

Die „Eunice"-skool is op 1 Februarie 1893 geopen met 11 leerlinge. Op 30 Desember 1893 was daar alreeds 30 leerlinge by die skool ingeskryf[3].

Alhoewel die privaatskool van mev. Betton, wat aan die einde van 1893 gestig is, hoofsaaklik dogters toegelaat het, het 'n geringe aantal seuns dit ook besoek. Spesiale aandag is in die inrigting geskenk aan tekene, naaldwerk en sang[4].

Dit is duidelik dat die privaatskole in 'n mate in hulle doel geslaag het om die goewermentskole te laat leegloop. Die aanwesigheid van 'n aantal privaatskole en 'n kloosterskool in Klerksdorp was medeverantwoordelik vir die sluiting van Presidentskool in 1897[5].

Die Mansvelt-tydperk het 'n nuwe periode van vooruitgang en konsolidering in die onderwys vir Klerksdorp ingelui.

---

1. Meegedeel deur mevv. P.S. Joubert en J. Reyneke.
   Klerksdorp mining record, 20.12.1893.
2. O.D. 13/1: Brief No. 2296, 29.11.1892.
3. Klerksdorp mining record, 20.12.1893.
4. Ibid., 30.12.1893.
   Ibid., 13.1.1894.
5. R.1741/97: Brief, 16.1.1897.